EERSTE BEDRYF TONEEL 1 (bl. 42-46)

## EKSPOSISIE

- Dit gee vir ons inligting oor die tyd, plek, atmosfeer en probleme waarmee die karakters te doene het.
- Die omstandighede waaronder Lukas van Rooyen weggeraak het, word aan ons geskets.

- Die drama begin met die woudtoneel.
- Daar is 'n boshuis / Die huis lyk armoedig.
  - Dit dra by tot die mismoedige atmosfeer.
- Die mis is dig en alles is klam en nat.

- Elias se huis se dak lek en as gevolg van die mistigheid bly alles klam en nat binne die huis.
- Die kinders is permanent siek as gevolg van bg.
  - Hulle snuif en hoes.
  - Sukkel met die vuur om kos gaar te kry.

Elias is baie lui.

- Hy glo daaraan om sy kragte/sy liggaam te spaar as hy kan.
- Hy glo eerder aan goeie planne en geluk as harde werk.
- Hy verkoop balke.
- Hy dink daaraan om ekstra hulp te kry sodat hy meer balke kan lewer WANT:
  - Barta het skoene nodig.
  - Hy moet ekstra sinkplate kry om die lekkende dak reg te maak.
- Hy wil Krisjan Smal van Lelievleibos se oudste seun kry, MAAR:
  - Hy het nie blyplek vir die seun nie.
  - Elias se plek is te klein en die dak lek.
  - Elias se eie kinders is nog te klein om hom te help.
- Hy weet hy moet 'n geweer kry om olifante (grootvoete) vir hulle tande te skiet, MAAR:

  - Hy het nie geld vir 'n geweer en koeëls nie.
  - Hy weet nie hoe hy verby die houtkopers op die dorp gaan kom om die tande/ivoor aan die skepe te verkoop nie.
    - Net die houtkopers het 'n lisensie om aan die skepe te verkoop.
- Die skepe betaal die beste vir ivoor.

Elias maak asof hy werk wanneer Barta met die koffie kom.

- ❖ Hy gryp sy handbyl.

Barta is onrustig.

- ❖ Sy kry nie vir Lukas (3 jaar) nie.
    - Willem is 6 jaar.
    - Kristoffel is 5 jaar.
    - Nina 'n baba.
- ❖ Elias is half omgekrap want hy is besig om aan sy planne te dink om geld te maak/hy wil nie gepla word nie.
    - o Dalk moet hy in die nag tot by die skepe probeer kom.
    - Hy beveel Willem om die kind by Tant Malie te gaan soek en dan by Anna.
    - Barta was ook by Sofie om daar te soek.

Malie, Gertjie en Sofie daag daar op.

- ❖ Hy beveel hulle almal om weer na hulle huise te gaan en onder die beddens (katels)/ orals te soek.

Elias blameer Barta want sy moes na hom kyk.

- ❖ Sy het egter met die vuur gesukkel.

Die laaste keer wat Willem hom gesien het, was op die hoek van die huis.

- ❖ Hy het 'n patat geëet.

Die laaste keer wat Kristoffel hom gesien het was in die huis.

- ❖ Hy het met sy klippe gespeel.

Tant Malie is 'n doemprofeet – sy sien die ergste in alles.

* Haar vertellings verhoog die spanning.
    - Haar oorlede tante agter in Karatara se bos se kind het ook weggeraak.
        - o Sy het gedink hy was saam met die mans om vuurhout te gaan kap.
        - o Meer as 'n week later het hulle sy verkluimde liggaam gekry.
    - Sy herinner hulle aan Flip Lourens wat ook weggeraak het.
        - o Mis was net so dik soos nou.
        - o Hulle het nooit sy lyk gekry nie.
        - o Hulle vermoed die grootvoete het hom getrap.

* Elias sê vir haar dat grootvoete nie kinders trap nie.

* Die mans moet kom help soek.
* Elias kan nie die mans gaan roep nie want hy moet Barta ondersteun.
* Anna sal hulle gaan roep.
    - Sy ken die voetpaaie.
    - Sy weet wat om te maak as daar grootvoete langs die pad is.
* Martiens gee bevele.
    - Om nie te verdwaal nie, moet die mans elke honderd tree roep en op die tiende roep, moet hulle omdraai.